Kraggakamma Huisgeloof
vir kleingroepe, families en stiltetyd
(19-23 Oktober 2020)

Personalia
Was jy in die afgelope paar dae deel van die probleem of deel van die oplossing?

Gebed, Lof en Aanbidding
Gee vir elkeen tyd om te sê hoe dit met hom/haar gaan. Waarvoor dank julle die Here? Bid vir mekaar. Bid vir ons land.

Gespreksvrae:
SKRIFLESING: Fil 1:27-2:18.

TEMA: Is jy deel van die probleem of deel van die oplossing?

1. Wat hoor jy wanneer julle die gedeelte lees en/of na die preek luister?

2. Gesels saam oor wat die volgende vir julle prakties beteken:

2.1 **Staan vas** in geloof op Jesus Christus. (1 Kor 3:11 en Matt 12:30)

2.2 **Staan saam** (Fil 2:2)

2.3. **Staan op** en stap saam met Christus (Fil 1:27)

3. Skrik ons nie ons soms oor ‘n mik as ons as kinders van die Here teenstand en lyding ervaar nie? Wat leer ons in die Skrifgedeelte hieroor?

4. Gesels saam oor die volgende 2 standpunte:

Mike Bolhuis praat oor SA se hoë misdaadsyfer en dan sê hy: “Dit is omdat 2 mense 4 opinies en 5 kerke het. Mense sien ander mense in kategorieë van politiek, geloof en kleur en nie as medemense nie.” Hy glo dat solank as wat Suid-Afrikaners nie kan saamstaan teen die gemeenskaplike vyand (misdaad) nie, gaan daar nie verandering of verbetering kom nie.

Nelis Janse van Rensburg, voorsitter van die Moderamen van die NG Kerk in Wes-Kaapland, skryf in sy reaksie teen plaasaanvalle en geweld in SA oa die volgende:
Alle Suid-Afrikaners behoort saam te staan teen moord en geweld. Daar is geen regverdiging daarvoor nie. Dit is nie net die taak van die polisie om mense te beveilig nie. Alle Suid-Afrikaners sal moet opstaan en saamstaan om mekaar te beveilig. Die bou van verhoudings oor alle grense, die deel in mekaar se broosheid en nood, die afbreek van ontmenslikende stereotipes, die bou van brûe en ordelike sosiale druk met die oog op ‘n gedissiplineerde en ordelike samelewing is ons almal se verantwoordelikheid.

Uitsending

Ons land se leuse is: Uiteenlopende mense verenig, of: Mense wat verskillend is, kom saam.

Is ons deel hiervan en hoe kan ons nog meer deel van die oplossing wees?

Gebed

Sondag was biddag vir Gesondheidsdienste. Bid spesiaal vir die helde by gesondheidsdienste.
Dank die Here vir elke druppel genadereën. Pleit vir reën vir ons damme en op plekke waar dit nog baie droog is.

Bid vir mekaar die volgende gebed van Franciskus van Assisi:

Here, maak my 'n instrument van u vrede.
Waar daar haat is, laat my liefde bring.
Waar daar oortredings is, vergifnis,
waar daar twyfel is, geloof,
waar daar wanhoop is, hoop.
waar daar duisternis is, lig,
waar daar droefheid is, vreugde.
O, Heilige Meester, gee dat ek,
in plaas daarvan om vertroosting te soek, ander sal vertroos;
om begrip te soek, ander sal verstaan;
om liefde te soek, ander sal bemin.
Want dit is deur te gee, dat ek ontvang;
deur te vergewe, dat ek vergewe word.
En dit is deur te sterwe,
dat ek die ewige lewe beërwe.
Amen

Info blad

Alle belangrike inligting verskyn op die Kommunikamma wat uitgestuur is op Wattsapp.
Die Kommunikamma verskyn ook op die gemeente se webblad.

Onthou asb:

- Voedselhulp aan PE-Noord
- Kraggakamma Eat-a-lot
- Tiendemaand dankoffer
- Behoeftes by Huis 8 MTR Smit Kinderoord.
  Stoof (die huidige stoof se plate werk, maar die oond is onherstelbaar)
  Wasmasjien
  Mikrogolfoond
  Mop
  Indien jy kan help of 'n bydrae wil lewer, kontak asb. vir Debah van Eeden (082 933 2443) of die kerkkantoor.